

15 September

Skrifgedeelte: Filippense 2:5-11

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 18

Die ontleding van Jesus Christus

Eenheid tussen gelowiges is 'n lang begeerde, maar steeds ontwykende ideaal. Soms voel dit hoe meer daar geskryf en gepraat word om verskille op te los, hoe dieper raak die kloof. Jesus oorbrug in sy vleeswording die kloof na mense toe. In hierdie feit lê ook 'n voorbeeld. Wil jy eenheid met medegelowiges bereik? Dit kan NET met die gesindheid van Christus (vers 5)!

Dit beteken:

Offer (vers 6): Jesus het sy majesteit nie beskou as iets waaraan Hy moes vasklou nie. Hy bly sy eie Persoon, maar toe Hy vir ons die luister van sy Persoon moes aflê het Hy dit nie as "roof" (OAV) beskou nie. Gelowiges wat van mekaar verskil moet PERSOON-lik ontmoet, maar sonder "bagasie".

Ontleding (vers 7 – OAV): Jesus identifiseer Hom volledig met ons posisie. Hy "ontledig" Hom en word mens. Niemand dwing Hom nie. Uit liefde doen Jesus dit aan Homself. Eenheid beteken dus: van harte bereid wees om in mekaar se skoene te gaan staan. Ja, eenheid is 'n vroom ideaal, maar onthou: dit is eers iets wat jy aan JOUSELF gaan doen.

Vernedering (vers 8a): Jesus kom staan nie net in ons skoene nie, Hy loop ook ons pad. Hy DRA die heel slegste van ons (ons sonde) asof Hy self skuldig is. Aanvaar dus dit wat jou die meeste van medegelowiges hinder as jou eie. Dán is jy gereed om 'n pad met hulle te loop.

Gehoorsaamheid (8b): Jesus volbring namens ons alles wat God die Vader van ons verwag. Die belangrikste is dus nie dat medegelowiges jou standpunt deel nie, maar dat hulle God gehoorsaam en vrymoedig dien. As God hulle aanvaar sal Hy mos SELF sorg dat hulle goed doen (Rom 14:4)!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)

~~~~~